**1 JUNIE** **SKRIFGEDEELTE: PSALM 39**
**FOKUSGEDEELTE: PSALM 39:8**

## Hoop in lyding op God alleen

Elkeen in ‘n situasie van lyding kan hom vereenselwig met hierdie worsteling van Dawid. Lyding en swaarkry konfronteer ons met die verganklikheid van die mens – met ons lewe wat soos ‘n skaduwee of ‘n asemtog is en kan disintegreer soos ‘n kledingstuk wat deur die motte gevreet is. Baie lyers probeer ewe vroom om gelate hulle lot te aanvaar sonder om te kla of teë te praat. Diep in die hart worstel hulle egter met die onbeantwoorde hoekoms en waaroms. Dikwels sak die terneergedruktheid soos ‘n donker kombers op jou as worstelaar toe. Jy voel asof die Here jou verlaat het en daar geen hoop meer is nie omdat een of ander sonde jou ingehaal het.

God hou egter deur sy Gees die geloof in die hart van sy kind brandende. Deur die geloof laat Hy ons opkyk uit die situasie om in hoop op Hom te vertrou. Hy het immers sy Seun gestuur om die dood en verganklikheid te kom oorwin en te betaal vir ons sondeskuld. Deur Jesus Christus is ons nie vreemdelinge by God nie, maar sy kinders wat ook in die donkerste omstandighede deur sy Gees tot Hom kan roep: “Abba, Vader.” Mag jy ook in alle omstandighede alleen maar op die Here wag en getroos lewe omdat jy op Hom alleen hoop.

*Ds Bernard Hattingh (Warmbad)*